

# Letterkunde en die reg in die Middeleeuse epos *Vanden vos Reynaerde* met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse regstelsel<sup>1</sup>

Jan Stander en Nerina Bosman

---

Jan Stander en Nerina Bosman, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria

---

## Opsomming

Die sentrale gebeurtenis in die Middeleeuse literêre werk *Vanden vos Reynaerde* is die verhoor van die vos voor koning Nobel die leeu. Die epos bied om hierdie rede 'n insiggewende blik op die regsprosedure van sy tyd (die 13de eeu) – spesifiek die regsprosedure soos toegepas in die feodale Vlaandere. Ons navorsing wil die *Reinaert* plaas binne die konteks van die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel – 'n stelsel wat sy oorsprong ten dele in die Middeleeuse straf- en strafprosesreg van die Lae Lande het.

Die volgende navorsingsvraag is geformuleer: Hoe verskil die regsproses en verhoor in die *Reinaert* van, of kom dit ooreen met, die hedendaagse Suid-Afrikaanse straf(proses)reg? Anders gestel: Tot watter mate word spore van die Middeleeuse reg soos wat dit in die *Reinaert* voorkom, in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg aangetref?

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, moes vasgestel word wat die aard van die regstelsel was wat tydens die vos se verhoor gegeld het en watter oorblyfsels van hierdie Middeleeuse regstelsel nog merkbaar is in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg. Ook die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel moes dus kortliks beskryf word.

Benewens die primêre bron, die *Reinaert* self, is regshistoriese bronne en bronne oor die Suid-Afrikaanse straf- en strafprosesreg geraadpleeg. Die teksontleding het bepaalde verskille uitgewys, wat te verstane is, aangesien agt eeue ons van die verhoor van die vos skei. Tog is daar verbasend min fundamentele verskille tussen die heersende reg in die *Reinaert* en die moderne Suid-Afrikaanse reg. Die regsreëls en prosesgang kan opvallend maklik en goed gevolg word en aspekte daarvan is nog steeds bekend vir 'n hedendaagse (Suid-Afrikaanse) leser.

Ons hoop ons navorsing wek hernude belangstelling in die Middeleeue en die reg en ook bewondering vir die onverskrokke, wrede maar slimme vos wat die korrupte magshebbers van sy tyd genadeloos aan die kaak gestel het.

**Trefwoorde:** Middeleeuse regstelsel; reg en letterkunde; *Reinaert*; Suid-Afrikaanse strafreg; *Van den vos Reynaerde*

### *Abstract*

#### **Literature and law in the medieval epic *Vanden vos Reynaerde* with specific reference to the South African legal system**

There is a long and symbiotic connection between literature and the law. The law, literature and religion formed a coherent whole in primitive societies and although these three elements eventually became separate aspects of society, there was still a close relationship between them in the Middle Ages (Pavlović 1986:697).

The relationship between literature and law has intrigued literary and legal scholars for a long time and has seen the birth of a whole movement, the so-called Law and Literature Movement, in the 20th century (Gravdal 1992). We place our interdisciplinary study mainly within this field.

The famous and well-studied medieval Dutch animal epic *Vanden vos Reynaerde* (*Reynard the fox*) has fascinated lovers of literature, the Middle Ages and the law for centuries. It is indisputably one of the masterpieces of medieval literature: “If it were the only interesting and valuable work existing in the Old Dutch, it alone would fully repay the trouble of learning that language,” said Joseph Bosworth in 1836.

The story of the misdeeds and trial of the intrepid, fearless, cruel and clever fox Reynard is filled with drama and human weaknesses and it is a welcome, pleasing and inexhaustible source of ongoing scholarly investigation. Our research aims to make a modest contribution to the vast and comprehensive international literature collection about *Vanden vos Reynaerde* by placing the epic within the context of the modern South African criminal legal system – a system that finds its origin in part in the late Middle Ages in the Low Countries (and Flanders in particular).

*Vanden vos Reynaerde* tells a gripping satirical tale of justice and injustice, greed and cunning, stupidity and cleverness. On King Nobel’s open court day the stage is set for all the other animals to lay charges against the fox in his absence. Adhering to the custom of the time (13th-century Flanders), the fox could not simply be summarily condemned, but had to be summoned three times to appear in court. Eventually, after the first two messengers delivering the summons had been thoroughly humiliated by the fox, Reynard’s cousin (and legal counsel), Grimbeert, succeeds in convincing the fox to accompany him to the court. Reynard finally appears and the animals lay formal complaints. The fox is immediately sentenced to death by hanging. But Reynard, cunning as he is, succeeds in turning the greedy, power-hungry and corrupt king and queen against his enemies by telling a far-fetched tale of treachery and a great treasure. The king believes his story and grants him his freedom. After

the fox commits murder by killing the hare, thereby finally humiliating the king as well as his court, he escapes with his family into the wilderness.

Our research question was the following: What similarities and differences can be pointed out between the court proceedings in the *Reynard* epic and aspects of the modern South African legal system?

The legal aspects of the epic have been thoroughly researched (see Jacoby 1970 and Lippevelde 2012), but not yet against the background of current legal systems. We wanted to link the judicial aspects as they appear in the epic to the modern South African criminal legal system, largely because the epic has always been read as a canonical text in Afrikaans departments at South African universities.

The central event in the *Reynard* epic is the trial of the fox at the court of King Nobel, the lion. The epic offers an illuminating view of the legal processes of the time – specifically the legal procedure as it was used in feudal and royal courts. This aspect of the *Reynard* has already been carefully researched, but as far as could be determined, the connection between the medieval law of the Low Countries, as it is reflected in the *Reynard*, and the modern law of South Africa has not yet been investigated. In our study we concentrated on similarities and differences between the two legal systems, taking the text as our starting point.

In order to answer our central question – how do the legal processes and trial in the *Reynard* differ from or correspond to criminal law in modern-day South Africa? – we used a descriptive and comparative methodology. We attempted to compare the court proceedings taking place in the medieval text with fundamental aspects of modern South African criminal and constitutional law.

We start by giving a short overview of the development of South African criminal law, which is a product of Western legal thought. We follow its development from its beginnings as primitive Germanic law, through the reception of Roman law in the late Middle Ages (the epic was probably written circa 1250) to the transplanting of Roman-Dutch law by the Dutch East Indian Company at the Cape of Good Hope. After 1806 the Cape of Good Hope became a British colony and English law made its entrance. Today South Africa has a mixed legal system.

We found that there are many similarities, but legal principles that are not familiar to modern-day, 21st-century South African readers of the text are the following: a head of state that also acts as public prosecutor *and* as judge and who is very involved in the whole process right up to sentencing (the doctrine of the separation of powers did not exist at the time of the fox's trial); extreme procedural rhetoric as described by Van Caenegem (1954); the duty of all free men to attend the open court day; canonical law such as the papal ban; sentencing in absentia; the violation of the king's peace; blood feuds and reconciliation and the oath of innocence.

The above-mentioned legal aspects were part of a feudal society that no longer exists today. There was, for example, no distinction between public and private law. It is therefore not surprising that they did not survive the long evolution from primitive to modern South African law.

This being said, there are surprisingly few fundamental differences between the prevailing law in *Reynard the fox* and modern South African criminal law. The rules of law and procedure are easily recognised by contemporary (South African) readers. We can point to basic human rights, enshrined in the South African Constitution of 1996, such as the right to an open trial and legal representation, the presumption of innocence until proved guilty, due process (such as the right to be summoned three times to court in the epic), the presence of the accused in court, *nullum crimen sine lege* and the burden of proof.

To conclude: our admiration for the clever fox and the sharp satire of his creator, Master Willem, has no bounds. We are reminded that modern-day societies still need the merciless unmasking of corrupt abuse of power by someone clever enough to use the legal system against the corrupt. Finally, we show that the epic, because its theme is so timeless, can still easily be made accessible to modern-day readers.

**Keywords:** law and literature; Medieval legal system; *Reynaerd the fox*; South African criminal law; *Van den vos Reynaerde*

## 1. Inleiding

[T]ussen literatuur en recht bestaat wel vaker kruisbestuiving. Het zijn nu eenmaal allebei bij uitstek talige bedrijven, en rechtszaken met hun frontale conflicten bedienen de literatuur gul met een plot en een conflict. (Van Oostrom 2006:499)

Daar is 'n lang en simbiotiese verbintenis tussen letterkunde en die reg. In primitiewe samelewings het die reg, die letterkunde en inderdaad ook religie 'n koherente eenheid gevorm. Alhoewel hierdie drie kulturelemente mettertyd los geraak het van mekaar, was daar tot in die Middeleeue steeds 'n noue band tussen hulle, skryf Pavlović (1986:697). 'n Verdere faktor wat volgens Pavlović bygedra het tot hierdie verbintenis tussen reg en letterkunde, is die feit dat Middeleeuse skrywers dikwels regsgeleerdes of priesters was en soms ook beide (Pavlović 1986:697.). So skryf hy dat byna al die digters en skrywers van die Italiaanse *nascente literatura* notaris, regters of regsbeoefenaars was.

Ook Gravidal (1992:2) merk op: “European literature of the Middle Ages, English and German as well as French, bears the imprint of a marked preoccupation with law.” Sy moes na regte ook verwys het na die Middeleeuse diere-epos, *Vanden vos Reynaerde*, (voortaan word daar na hierdie werk verwys as “die *Reinaert*”), een van die merkwaardigste werke van die Middeleeue, waarin die sentrale gebeurtenis 'n hofsaak is. Hierdie magnum opus is die onderwerp van die ondersoek waaroor hier berig word.

## 2. Agtergrond en probleemstelling

In die tweede dekade van die 21ste eeu mag 'n studie oor 'n Middelnederlandse teks dalk vreemd aandoen. Die tydperk (min of meer vanaf 1150 tot 1500) is per slot van rekening verwyderd van ons hedendaagse samelewing, en die taal waarin die epos geskryf is, is ook moeilik om te verstaan. Maar dit gaan hier nie om sommer enige Middelnederlandse teks nie.

Dit gaan om *Vanden vos Reynaerde*, een van die merkwaardigste letterkundige werke van die Middeleeue (vergelyk onder andere Shipley 1946, Mussche 1964, Lulofs 1983, Van der Elst, Ohlhoff en Schutte 1980, Van Oostrom 2006). Die epos fassineer ondersoekers van die letterkunde, die Middeleeue en die reg dan ook al eeue lank. Die verhaal van die verhoor van die sluwe vos is vol drama en menslike swakhede en dit is 'n onuitputlike bron vir voortgaande ondersoek. Tot die werklik omvangryke internasionale literatuurversameling oor die *Reinaert* wil hierdie navorsing 'n bydrae lewer deur die *Reinaert* te plaas binne die konteks van die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel – 'n stelsel wat sy oorsprong ten dele in die Middeleeuse straf- en strafprosesreg van die Lae Lande het. Die *Reinaert* is nog nie vanuit hierdie spesifieke invalshoek bestudeer nie. Die teks nooi (Suid-) Afrikaanse lesers as 't ware uit om hierdie aspek onder die loep te neem, omdat die reg 'n sentrale plek in die epos inneem. Die *Reinaert* kan onder andere ook beskryf word as 'n verhaal waarin reg én onreg verken word.

“De aard van alle rechtshistorisch onderzoek is tweeslachtig: het wil het recht, d.i. *vaste regels*, beskryven en moet tegelyk de uiterste *bewegelijkheid* van het recht aantonen,” skryf Van Caenegem (1954:1) in *Geschiedenis van het strafrecht in Vlaanderen van de XIe tot de XIVe eeuw*. Hierdie bewegelikheid van die reg sal in die ondersoek geïllustreer word. Volgens Van Caenegem word die menslike strewe na vaste en duursame reëls steeds teleurgestel. Die maatskappy bly nie stilstaan nie, maar leef en beweeg en die reg evolueer voortdurend. Iets van hierdie evolusie sal aangetoon word deur die samelewing en regstelsel van die 21ste-eeuse Suid-Afrika in die ontleding van *Vanden vos Reynaerde* te betrek. Maar iets van die durende voortbestaan van sekere “vaste” regsbeginne sal ook duidelik word.

Van Leeuwen (1971:22–3) som die *Reinaert* soos volg op:

Het epos is vol spot op de hebzuchtige en laffe adel, vol hekeling van de lagere geesteljkheid [...] vol ironie ook over de reeds ijdel wordende burgers; en als geheel: een satire op de mensheid in het algemeen, op zijn egoïsme, zijn valsheid. Zijn kleinheid. De verteltrant is zeer levendig, de psychologie meesterlijk, de compositie knap.

Die skerp en satiriese blik van die skrywer van die *Reinaert* op die politiek van sy tyd bly vandag nog relevant – ook in Suid-Afrika in 'n tydsgewrig waar ons soms ongebreidelde korrupsie en magsvergrype van die heersers, wat ook die reg nie ontsien nie, waarneem.

### 3. Bewegrede vir die studie

Lesers van ou tekste (in hierdie geval 'n Middeleeuse teks) ondervind soms probleme om die leëwêreld van daardie tekste goed genoeg te verstaan sodat die teks vir hulle kan oopgaan en sodat hulle dit wat deur die eeue nog “waar” gebly het, kan raaksien. Vir hierdie toedrag van sake is daar voor die hand liggende redes. Taal is die eerste struikelblok – vir moderne Afrikaanse lesers is 'n Middelnederlandse teks besonder ontoeganklik. Daar is ook ander struikelblokke. Die dier-epos of fabel, eens so 'n gewilde teksgenre, is vandag vreemd. In die *Reinaert* is die diere antropomorfies en hulle vertoon, benewens die dierlike, ook duidelike menslike karaktertrekke. Dit is nie die soort teks waaraan moderne lesers gewoond is nie.

Die sentrale gebeurtenis in die *Reinaert*, naamlik die koninklike hofsitting waar die hoofkarakter, Reinaert die vos, aangekla en verhoor word weens 'n hele aantal misdade, is egter minder vreemd. Televisiereekse het Suid-Afrikaanse kykers dermate vertrouwd gemaak met veral die Amerikaanse regstelsel dat baie van ons kenners van die reg in ons eie oë geword het. Plaaslik trek hofsake ook die aandag en hulle word self soms gebeeldsend. Die verhoor van Oscar Pistorius het byvoorbeeld geskiedenis gemaak as die eerste strafverhoor wat regstreeks op televisie in Suid-Afrika uitgesaai is (Erasmus 2016:878). Die saak het ongekende mediabelangstelling geniet en is as die nuusmaker van die jaar 2014 aangewys. Die Suid-Afrikaanse reg is nie noodwendig vir alle moderne lesers 'n baie vertroude vakgebied nie, maar dit vorm op verskeie maniere wel deel van ons ervaringswêreld en dit is natuurlik ook vir elke landsburger ter sake.

Nou verbonde aan die hofsitting in die *Reinaert* is die satiriese inslag van die teks. Die korrupsie van die magshebbers word genadeloos en venynig blootgelê, tot so 'n mate dat ons simpatie en bewondering aan die wrede (en ver van deugdelike) vos toegeken word. Die skrywer van die epos, ene Willem, bied 'n ontluisterende blik op mens en mag – 'n toedrag van sake wat ook daagliks in Suid-Afrika aan die orde van die dag is.

Die regsaspekte in die *Reinaert* is al deeglik nagevors (vergelyk byvoorbeeld onder andere Jacoby (1970); Lulofs (1983) in sy inleiding tot die *Reinaert* asook in sy uitvoerige aantekeninge by die teks; Slings (1999) en Lippevelde (2012)), maar nog nie met 'n moderne konteks as interteks nie. Om die reg en die literatuur met mekaar in verband te bring, is insgelyks 'n ou tradisie – 'n tradisie wat selfs meer formeel aangedui word met die naam “Law and Literature”, oftewel “Reg en Letterkunde” (vergelyk byvoorbeeld Pavlović 1986, Gravdal 1992, Ward 1995, Dolin 2007, Gaakeer en Ost, 2008).

Soos wat Van Oostrom (2006:499) tereg opmerk, is die reg en letterkunde albei by uitstek “talige bedrywen”. Dit mag op die oog af vreemd aandoen om twee regstelsels, naamlik dié van die Middeleeuse Vlaandere en dié van die moderne Suid-Afrika circa 2018, te vergelyk, maar deur presies dit te doen, kan hierdie studie dalk 'n nuwe wêreld oopmaak vir (Suid-) Afrikaanse lesers en insig gee in die universele aard van sowel die reg as die menslike natuur, om sodoende miskien 'n verdere lewe van die merkwaardige teks hier te lande te verseker as gevolg van nuwe navorsing wat die insig in die teks kan verdiep.

#### 4. Navorsingsfokus

Die *Reinaert* het as sentrale gebeurtenis die verhoor van die vos voor koning Nobel. Die epos bied om hierdie rede 'n insiggewende blik op die regsprosedure van die tyd – spesifiek die regsprosedure soos toegepas in die feodale en koninklike howe. In hierdie artikel word die hofverrigtinge van die Middeleeuse teks (en waar van toepassing die Middeleeuse straf- en strafprosesreg) vergelyk met die moderne Suid-Afrikaanse reg en word ooreenkomste en verskille uitgelig.

Die volgende navorsingsvraag is geformuleer: Hoe verskil die regsproses en verhoor in die *Reinaert* van, of kom dit ooreen met, die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg? Anders gestel: Tot watter mate word spore van die Middeleeuse reg soos wat dit in die *Reinaert* voorkom, in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg aangetref?



Ten einde hierdie vraag te beantwoord, moes vasgestel word wat die aard van die regstelsel was wat tydens die vos se verhoor (die 12de en 13de eeue) gegeld het en watter oorblyfsels van hierdie Middeleeuse regstelsel nog merkbaar in die hedendaagse Suid-Afrikaanse strafprosesreg is. Ook die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel moes dus kortliks beskryf word.

## 5. Werkswyse

Die navorsing kan getipeer word as 'n interdisiplinêre literatuurstudie-ondersoek wat bronne uit die velde van die Middeleeuse letterkunde, die Vroegmiddeleeuse regsprosesse en die Suid-Afrikaanse regstelsel en regsgeskiedenis betrek. Benewens die primêre bron, die *Reinaert* self, wat noukeurig gelees is, is regshistoriese bronne en bronne oor die Suid-Afrikaanse straf- en strafprosesreg geraadpleeg.

## 6. Die Middelnederlandse diere-epos *Vanden vos Reynaerde*

Ten aanvang word die teks, sy ontstaansgeskiedenis en die skrywer, baie kortliks voorgestel.

### 6.1 Ontstaan

Die *Reinaert* het nie op 'n dag as 'n nuutgeskepte werk uit die pen van Willem, die skrywer, voortgevloei nie. Wat aan die *Reinaert* voorafgegaan het, was eeueoue verhale wat mondelings oorgedra is. (Raadpleeg vir goeie opsommings van die ontstaansgeskiedenis byvoorbeeld Grobbelaar 1981, Lulofs 1983 en Van Oostrom 2006.) Diereverhale het 'n lang geskiedenis in Wes-Europa en die bekendstes onder hulle, soos die fabels van Esopus, is waarskynlik afkomstig uit Egipte. In Arabies kom reeds in die 8ste eeu 'n reeks diereverhale onder die titel *Kalilah wa-Dimna* tot stand. Hierdie verhale gaan via Persies terug na 'n ouer Sanskrit-teks, die *Pantsjatranta*. In hierdie tekste kom verhale soortgelyk aan dié in die *Reinaert* voor. Die *Ecbasis Captivi* ("Die ontsnapping van 'n gevangene"), 'n ou diere-epos, is tussen 930 en 940 n.C. deur 'n Franse monnik in Latyn geskryf. Dit word in 1834 deur Grimm ontdek, en word beskou as die begin van die diere-epos in Wes-Europa.

Benewens die ou verhale wat in die *Ecbasis Captivi* aangetref word (vergelyk byvoorbeeld Coetzee 1940), was daar in die besonder ook twee ander Middeleeuse tekste wat waarskynlik voorgangers was van *Vanden vos Reynaerde*, naamlik die *Ysengrimus* (in ongeveer 1150 geskryf) en die Franse *Roman de Renard* (uit 1175).

Van Oostrom (2006:467) noem die *Ysengrimus* "dat hoogstaande product van een vlijmscherpe monnikengeest" wat as eerste teks die "onverwoestbare namen" *Reinaert* en *Ysengrijn* gebruik.<sup>2</sup>

In die tyd waarin die *Reinaert* geskryf is, was daar duidelik ook ander verhale wat in die volksmond in omloop was. Ook al ruim voor die verskyning van die *Ysengrimus* doen daar in die volksmond anekdotes oor *Reinaert* die ronde (Van Oostrom 2006:469). Van Oostrom (2006:469) tipeer die *Reinaert* dan ook as 'n meesterwerk op basis van tradisie.

Opsommenderwyse: die *Reinaert*-teks sluit aan by die Franse *Roman de Renard*, wat op sy beurt grootliks ontleen is aan die *Ysengrimus* (albei uit die laat 12de eeu), waarin verskeie diereverhale verwerk word. Die *Ysengrimus*-versameling gaan op sy beurt weer terug na onder andere die Latynse tekste en fabelversamelings van Romulus, Avianus en Esopus (Lulofs 1983:39). Die Latynse versamelings toon op hulle beurt weer invloed uit die nabye en verre Ooste.

### 6.2 Datering: die 13de eeu

Die presiese datering van die *Reinaert* was vir lank 'n omstrede kwessie – vergelyk byvoorbeeld Lulofs (1983:50 e.v.), Van Oostrom (2006:466 e.v.) en Lippevelde (2012:11). Datering is wel vir hierdie ondersoek belangrik, sodat vasgestel kan word watter regstelsel in dié tyd in Vlaandere gebruiklik was. Soos wat Lippevelde (2012:11) dit so mooi stel: die temporele verankering van die teks moet genuanseerd bekyk word.

Lulofs (1983:50 e.v.) betoog soos volg: die Franse *Reinaert*-verhale word in 1179 gedateer en 'n Latynse bewerking van die *Reinaert*, die *Reynardus vulpes*, is tussen 1272 en 1279 gemaak. Die ontstaansdatum van die *Reinaert* lê dus volgens hom tussen die twee datums 1179 en 1272, dus laat 12de eeu of in die 13de eeu vóór 1272. Ter ondersteuning van 'n 13de-eeuse ontstaansdatum noem Van Oostrom (2006:466) dat die teks die gevestigde genre van die ridderroman, waarmee die diergedig 'n ironiese dialoog aangaan, veronderstel.

### 6.3 Die skrywer van die epos

Die voornaam van die skrywer van die epos ken ons darem, en dit is al heelwat, sê Van Oostrom (2006:496). Willem stel homself aan die woord in die eerste vers as “Willem die vele boucke maecte” en ook in die akrostikon, BI WILLEME, van die laaste verse:<sup>3</sup>

#### Verse 3461–9

Bi Gode, ic dart u wel raden!  
 Isengrijn sprac toten beere:  
 “Wat sechdire toe, Brune heere?”  
 “Ic ligghe in den rijseren  
 Lievre dan hier in den yseren.  
 Laet ons toten coninc gaen  
 Ende sinen pays daer ontfaen.”  
 Met Fyrapeel datsi ghinghen  
 Ende maecten pays van allen dinghen.

[By God, ek kan u dit wel aanraai!  
 Isengryn het vir die beer gesê.  
 “Wat sê u hiervan heer Bruun?  
 “(Ic) Ek lê in die struikgewas  
 Liewer as hier in die boeie (ysters).  
 Laat ons na die koning gaan  
 En sy vrede aanneem.”  
 Met Firapeel gaan hulle mee  
 En maak vrede oor alle sake.]<sup>4</sup>



Vervolgens word die kontoere van die skim, Willem, soos wat Van Oostrom (2006:498 e.v.) hulle skets, kortliks nagetrek. Hy was 'n intellektueel, het drie tale (Nederlands, Frans en Latyn) goed geken, was 'n grondige kenner van die Bybel en was duidelik goed belese. Soos wat Van Oostrom dit stel: hy was 'n boekeman en filoloog wat bedoel het om van sy epos iets heel besonders te maak. "Meer dan een boekenman moet Willem taalman zijn geweest, en misschien zelfs in letterlijke zin" skryf Van Oostrom (2006:498). "Taalmanne" het in die Middeleeue in die hof opgetree om die woord te voer namens partye wat nie self enige oratoriese talent gehad het nie (Van Oostrom 2006:498). Vanweë sy definitiewe regskenis, soos blyk uit die epos, is dit goed moontlik dat Willem so 'n taalman, raadsman of griffier (in die betekenis van 'n amptenaar belas met die opstel en bewaring van regsbeskrifte – vergelyk die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* Deel III) kon gewees het. Dit is baie duidelik dat hy ook 'n regskenner was.

#### 6.4 Die verhaal

Die koning, Nobel die leeu, kondig 'n hofdag aan, waarvan bywoning deur al sy dieronderdane verpligtend is:

##### Verse 41–7

Het was in eenen tsinxendage  
Dat beide bosch ende haghe  
Met groenen loveren waren bevaen.  
Nobel die coninc hadde gedaen  
Sijn hof crayeren over al  
Dat hi waende (hadde hijs gheval)  
Houden ten wel groeten love.

Die vrye vertaling in moderne Nederlands deur Slings (1999) lui:

Het was Pinksteren.  
Zowel bos als struikgewas  
Stonden uitbundig in bloei.  
Koning Nobel had  
zijn hofdag overal laten afkondigen.  
Hij verwachtte, als alles goed ging,  
zijn roem er zeer mee te vergroten.

Die verhaal speel tot groot mate in 'n hofruimte af, met Reinaert in die beskuldigebank, koning Nobel as voorsittende beampte of regter, en verskeie ander rolspelers, van wie die meeste Reinaert nie goedgesind is nie, om die minste te sê.

Reinaert daag egter nie by die hofdag op nie en negeer sy verskyningsplig. Die rede is voor die hand liggend: hy weet dat feitlik almal klagte teen hom wil lê. Wanneer almal byeen is, kla verskeie diere hom van 'n hele aantal misdade aan. Die ernstigste klag is dié van die moord op Coppe, die hen. Die misdade poging tot moord en moord is baie ernstig en Isengrijn neem daarom reeds in vers 172 aan dat Reinaert die doodsvonnis hiervoor sal kry.

Op aandrang van Reinaert se neef, Grimbeert die das, wat as sy regsverteenwoordiger optree, besluit koning Nobel om die vos nie onmiddellik te veroordeel nie, al sou hy graag wou, maar om hom te dagvaar om voor die hof te verskyn.

Reinaert lok die eerste twee dagvaarders wat hom moet daag om voor die hof te verskyn,<sup>5</sup> Bruun die Beer en Tybeert die Kat, agtereenvolgens op slinkse wyse elk in 'n lokval deur hulle swakhede – heuning vir Bruun en muise vir Tybeert – uit te buit. Hierna oortuig die derde dagvaarder, Grimbeert, hom om wel na die hof te gaan (verse 1359 e.v.)

Op weg na die hof bieg Reinaert teenoor sy neef, Grimbeert, oor al sy wandade.

Wanneer hy voor die hof verskyn, word formele klagte in die openbaar teen hom gelê:

### **Verse 1865–8**

Alle dese ghinghen openbare  
Voer haren heere den coninc staen  
Ende daden reynaerde vaen.

Nu ghinct ghindre up een playdieren:  
Nye hoerde man van dieren  
So scone tale als nu es hier  
Tusschen reynaerde ende dandre dier  
Voert bringhen.

In Afrikaans, ietwat lomp en vry vertaal deur Burm en Van der Merwe (1973:85):

Almal hierdie gaan in die openbaar  
Voor hulle heer die koning staan  
en hulle laat Reinaert gevange neem.  
Nou het 'n geweldige gepleit begin:  
Nooit het 'n mens deur diere  
sulke skitterende redevoerings hoor hou as wat nou hier die geval is tussen Reinaert  
en die ander diere nie.

Daarop spoor die koning sy baronne aan om 'n vonnis te vel, en hulle spreek die bevel uit dat daar 'n sterk en stewige galg gebou moet word waaraan Reinaert, die booswig, aan sy keel opgehang moet word.

Terwyl Isengrijn, Bruun en Tybeert die galg oprig, bly Reinaert alleen agter by die koning en koningin. Die listige vos neem sy kans waar en vertel vervolgens 'n merkwaardige en dramatiese verhaal van diefstal en verraad. Volgens Reinaert het sy eie vader die skat van koning Ermerik gevind en gesteel. Saam met Isengrijn, Bruun, Tybeert en Grimbeert het hulle vervolgens saamgespan om die koning te dood en Bruun in Aken koning te maak. Hierdie plan het 'n aangeklamde Grimbeert toe aan Reinaert se vrou Hermelinde vertel. Reinaert het sy vader agtervolg, die skat gevind en dit elders weggesteek. Hy alleen weet dus nou waar die skat begrawe is en as die koning hom wat Reinaert is sal vrylaat, sal hy die bêreplek aan die koning en sy vrou bekendmaak.

Daarop neem die koning se gierigheid oor en hy spreek Reinaert vry, bied hom sy vrede aan en neem Bruun en Isengrijn in hegtenis. Hierop sê Reinaert, die wrede een met die rooi baard, dat hy op 'n bedevaart na Rome moet gaan (hy verkeer naamlik nog onder die pouslike ban vanweë vorige oortredings) en daarvoor sal hy 'n pelgrimstas en 'n paar ekstra skoene nodig hê. Die tas en skoene word terstond gemaak van 'n stuk vel wat uit die rug van Bruun gesny word en van die vel van die voorpote van Isengrijn en die agterpote van Hersinde, Isengrijn se vrou. Vervolgens word Reinaert deur Cuwaert die Haas en Belijn die Ram na sy huis, Maupertuus, begelei.

In sy burg ('n ondergrondse hool) vermoor Reinaert die haas terwyl Belijn ongestoord buite wag, ten spyte van Cuwaert se doodskrete. Die stomme Belijn word met 'n kluitjie in die riet gestuur en keer met die kop van Cuwaert in 'n tas terug na koning Nobel – salig onbewus van wat werklik in die tas is. Reinaert vlug met sy gesin na die wildernis.

Wanneer Belijn terugkeer na die hof van die koning, en Cuwaert se kop in die pelgrimstas, wat Reinaert kastig sou saamneem op sy pelgrimstog na Rome, gevind word, besef Nobel dat hy deur Reinaert bedrieg is. Die koning se reaksie by die aanblik van Cuwaert se kop word soos volg beskryf:

#### Verse 3383–99

Die coninc stond in drouven zinne  
Ende slouch zijn hoeft neder.  
Over lanc hief hijt weder  
Up ende begonste werpen huut  
Een dat vreeselicste gheloot  
Dat noint van diere ghehoort waert.  
Ghene dieren waren vervaert.<sup>6</sup>

Slings (1999) vertaal in moderne Nederlands:

De koning was ontgoocheld  
En liet zijn hoofd zinken.  
Na verloop van tijd hief hij het weer  
Op en begon een van de  
Vreselijkste geluiden uit te stoten  
Die men ooit van een dier heeft gehoord.  
Alle dieren zaten in angst.

Nobel begryp baie goed wat gebeur het: sy eie koningskap is nou in gevaar en hy het sy eer verloor nadat hy hom so deur Reinaert laat bedrieg het.

Op hierdie punt in die verhaal tree Firapeel die luiperd na vore en neem sake in eie hande. Hy besluit dat die onreg wat gedoen is teen Isengrijn en Bruun versoen moet word:

#### Verse 3411–2

Doe sprac syrapeel<sup>7</sup> echt:  
“Es gedaan mesdaad, men saelt zoenen.”

In Burm en Van der Merwe (1973:157) se parafrase: onreg moet ongedaan gemaak word deur 'n skadeloosstelling.

Op hierdie korrupte manier (die koning is nou plotseling skotvry en ander moet die morele skadelas dra) red Firapeel die mag en aansien van die hof (die staatsmag) en so eindig die verhaal, met die vrede in die ryk herstel.

Hellinga (1958):372) noem dit 'n “pernicieuze” slot. In sy artikel “Het laatste woord is aan Firapeel” beskryf Hellinga die luiperd vir wie selfs die koning gehoorsaam, as “koning van het nachtelijk woud, de Boze, de heer van allen die de mens in het duister bedreigen, weerwolf, man-beer, heksenkater” (Hellinga 1958:372).

In die epos word die hoofkarakter, Reinaert, vir geen oomblik as 'n onskuldige slagoffer voorgehou of op 'n simpatieke manier geskilder nie. Hy word die wrede een (“de felle”) genoem; hy sorg dat Bruun en Tybeert (weliswaar deur hulle swakhede uit te buit) verneder en beseer word; en hy bieg self oor die vreeslikste misdrywe teen ander. Hy lieg onbeskaamd en met groot lis as siniese deurgronder van alle menslike swakhede. Tog is die leser aan sy kant en koester ons 'n heimlike bewondering vir hierdie skelm, soos wat Lulofs dit ook stel (1983:261). Die manier waarop hy die koning, vir wie niemand simpatie het nie, uitoorlê, is meesterlik. Ten einde gaan die ander diere aan hulle eie swakhede en onnoselheid ten gronde (soos wat dit ook moet wees?).

Is die ewewig herstel? Het die reg geseëvier? Hieroor kan lank bespiegel word – net nog 'n rede vir die onsterflike voortbestaan van die epos.

### **6.5 Die aard van die epos Vanden vos Reynaerde**

Van der Elst e.a. (1980:84) noem die *Reinaert* 'n gekompliseerde werk met baie fasette. oor die aard van hierdie epos is daar reeds boekdele geskryf en kan daar nog boekdele geskryf word (Van der Elst e.a. 1980:73). 'n Deeglike literatuurorsig val buite die bestek van hierdie artikel, maar ons wys kortliks op 'n paar kensketsings.

Die verhaal is veral 'n satire op die samelewing van die 13de-eeuse Vlaandere (Lulofs 1983) wat van adellike selfspot getuig (Van der Elst e.a. 1980:79).

Van Oostrom (2006:479 e.v.) wys op die “superieure humor” wat skerp en subtiel en selfs sadisties is.

Die epos word ook dikwels 'n parodie genoem – en wel onder andere op die hoofse roman en die ridderlike lewe (vergelyk Lippevelde 2012:35 e.v.)

Miskien sou ons ten slotte in navolging van Lippevelde (2012:36) die epos kon tipeer as 'n satiriese parodie, maar met die voorbehoud dat hierdie kort afdeling werklik nie reg laat geskied aan die wonderlike en veelfasettige aard van die epos nie.

## 7. Die ontwikkeling van 'n Europese regstelsel in die Middeleeuse Vlaandere

Om die agtergrond te skets waarteen die regstelsel in Vlaandere ontwikkel, bied hierdie afdeling 'n voëlvlug oor die ontwikkeling van die Romeinse reg in Wes-Europa, omdat die herlewing van die Romeinse reg in die 11de eeu die inheemse Germaanse reg omvorm het.

Vir hierdie oorsig is daar gesteun op die volgende bronne: Van Caenegem (1991); Van Zyl (1983); Kleyn (1989); Edwards (1995) en Thomas, Van der Merwe en Stoop (2000). Daar is veral met groot vrug gebruik gemaak van Lesaffer (2013) se *Inleiding tot de Europese rechtsgeschiedenis*.

Die tradisie van die Romeinse reg, wat vandag nog terug te vind is in die Suid-Afrikaanse regstelsel, het sy oorsprong in die Europa van die laat 11de eeu toe die antieke Romeinse reg in Italië herontdek is. Hierdie ontdekking is die begin van die moderne, gesofistikeerde regswetenskap wat geskoei is op twee regskorpusse, naamlik die Romeinse keiser Justinianus se *Corpus Iuris Civilis* (burgerlike reg) en die *Corpus Iuris Canonici* (kerkregtelike tekste) (Lesaffer 2013:5). Die Romeinse burgerlike reg en die kerkreg (of kanonieke reg) het tesame die grondslag gevorm van die Europese *ius commune* (gemenereg).

Die 12de eeu word gekenmerk deur die merkwaardige herlewing en opbloeï van die klassieke Romeinse reg in Wes-Europa. Hierdie reg is in die Middeleeue geleidelik verder ontwikkel, dit dring die gemenereg van die Lae Lande in, en baan so as 't ware die weg vir die volskaalse aanvaarding daarvan in die Weste met die gevolg dat dit later bykans universeel in Europa toegepas is. Dit is nie alleen vir die ontleding van die regsaspekte in die *Reinaert* van belang nie, maar ook vir die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel, waar die spore daarvan tot vandag toe nog nagespeur kan word.

Van belang vir die latere ontwikkeling van die Romeinse reg in Europa is die gebeurtenis wat die sogenaamde donker Middeleeue ingelui het, naamlik die val van die Wes-Romeinse Ryk in 476 n.C. – iets waaraan die toenemend sterker wordende Germaanse stamme 'n leeu-aandeel gehad het. Groot migrasiestrome van Germaanse en ander stamme lei daartoe dat hierdie stamme noord van die Ryn en die Donau sedert die tyd van Julius Caesar en Augustus noue kontak met die Romeinse Ryk gehad het. Algaande het eers die Hunne en later Germaanse stamme militêr al sterker geword, totdat die Germaanse koning Odoaker (435–493) in 476 die laaste Wes-Romeinse keiser, Romulus Augustulus, afgesit het.

Die ineenstorting van die Wes-Romeinse Ryk lei 'n periode van verval en stagnasie in. Die disintegrasie van die Mediterreense wêreld was teen die helfte van die 8ste eeu n.C. 'n voldonge feit, maar die vroeë Middeleeue (van die 6de tot die 10de eeu) was ook die tydperk waarin die Grieks-Romeinse, Joods-Christelike en Germaanse kulture saamgevloei het. Uit hierdie vereniging het 'n nuwe Wes-Europese kultuur gegroei. Van Caenegem (1991:71) stel dit so: “On the ruins of the Roman empire, Western Christendom, a community composed of Latin, Germanic, Celtic and Slavic peoples, arose over a period of centuries.”

Na die verdwyning van die Romeinse bestuur uit die Weste het die reg verval en in die plek daarvan kom die primitiewe Germaanse gewoontereg, wat selfs ten tye van die Karolingiërs nie eers naastenby die vlak van die Romeinse tyd kon benader nie (Lesaffer 2013:169). “Het recht van de Vroege Middeleeuwen heeft dan ook weinig betekenis voor de opbloeï van het rechtswetenschap in het Latijnse Westen na 1000,” skryf Lesaffer (2013:169).

Vanaf die jaar 1000 verander die gesig en aard van die Middeleeue. Wat in die 11de eeu en later in Europa gebeur het, word beskryf as 'n intellektuele ontwaking of hergeboorte, 'n "renaissance". Hahlo en Kahn (1973:429–30) noem veral die 12de eeu as dié baken in hierdie tydperk van opbloeï en groei:

In the history of legal thought in Western Europe during the Middle Ages, the twelfth century constitutes a landmark. Until the middle of the eleventh century the traditional Germanic concepts of law and government continued to hold sway. When European society began to move out of the long winter of the Dark Ages into the springtime of a new civilisation they [d.i. die Germaanse konsepte, skrywers] came increasingly under attack. The revival of legal learning, which followed in the wake of the economic renaissance of the tenth and eleventh centuries, and which led to the intellectual rediscovery of Justinian Roman Law for the West early in the twelfth century, produced new ideas which engaged the older concepts in a contest for dominance. The patterns of thought which emerged have provided the conceptual framework for legal and constitutional development *up to the present day*. (Ons beklemtoning)

Die regstelsel wat in die 13de eeu, toe die *Reinaert* geskryf is, aan't evolueer was op weg na die *ius commune* (die gemenerereg), het 'n Romeinsregtelike basis gehad, waarin die kerkreg en ook die Germaanse gewoontereg 'n rol gespeel het. Lesaffer (2013:241) gee die volgende omskrywing van die *ius commune*: "Het geleerde recht van de Middeleeuwen zoals dat aan de universiteiten werd bestudeerd en ontwikkeld". Hierdie gemeenskaplike reg was 'n eg Europese verskynsel en het op twee pilare gerus: die Romeinse reg en die kerklike reg. Naas die studie van die Romeinse reg was ook die verdere uitbou van die kerklike reg een van die groot verwesenlikings van die 12de-eeuse Renaissance (Lesaffer 2013:237). Die gemene Europese regstelsel was 'n belangrike voorloper van die hedendaagse eiesoortige Suid-Afrikaanse regstelsel, wat die onderwerp is van die volgende afdeling.

## 8. Die Suid-Afrikaanse regstelsel

Die Suid-Afrikaanse regstelsel kan beskryf word as een van regspluralisme of 'n gemengde stelsel met elemente van beide Romeins-Hollandse reg en Engelse reg. So beskryf Van Niekerk (2010:3) dit: "Suid-Afrika het 'n multikulturele samelewing waarin verskillende regstelsels nagestreef word. [...] Eng vertolk, kan regspluralisme gesien word as die naasbestaan van verskillende regstelsels wat amptelik deur die staat erken word."

Naas die Romeins-Europese stelsel wat deur die Engelse reg beïnvloed is, het ook die inheemse gewoontereg 'n beperkte mate van regsgeldigheid in Suid-Afrika (Van Niekerk 2010:3).<sup>8</sup>

Die Romeins-Hollandse invloed is veral duidelik te sien in die privaatreë, terwyl die verhouding tussen die staat en sy onderdane (die publiekereg) 'n sterker Engelse (en internasionale) invloed toon, veral wat betref die strafprosesreg.

Saam met die Romeins-Europese regs familie vorm die Anglo-Amerikaanse regs familie die kern van wat as die "Westerse reg" beskryf kan word (Van Zyl 1983:169). Dit is hierdie



Westerse regsbeginsels waarop die Suid-Afrikaanse regstelsel volgens Middleton (1983:xv) geskoei is: “The criminal law which prevails in South Africa today is generally accepted to be the product, not of indigenous growth, but of certain Western legal thinking transplanted to the Cape of Good Hope by the early settlers.”

Die 21ste-eeuse Suid-Afrikaanse regstelsel – in wese “transplanted law” (Middleton 1983:xv) – ontwikkel vanaf die koms van die VOC in 1652 toe die amptenare van die Compagnie die heersende Romeins-Hollandse reg na die Kaap de Goede Hoop bring. Veral wat sekere aspekte, soos die prosesreg, betref, word die Suid-Afrikaanse reg later, na 1806, sterk beïnvloed deur die heersende Britse reg. Terwyl daar algemeen aanvaar word dat die Romeins-Hollandse reg op die gebied van die privaatreëg gegeld het, was daar aansienlike Engelse regtelike invloed op die verhouding tussen die staat en sy burgers (Coertze 1937:3).

In 1828 bring Ordonnansie 50 ingrypende veranderings aan die ontwikkelende Suid-Afrikaanse regstelsel aan, veral aan die prosedure wat in ’n strafsak gevolg word. Herman Giliomee beklemtoon die bepalinge in die ordonnansie wat die Khoisan in ’n gelyke regsposisie met blanke burgers geplaas het. Hy som die effek van die ordonnansie (wat volgens hom hoofsaaklik die werk van die Skotse sendeling Philip en die Afrikaner Stockenstrom was) soos volg op: “Dit was ’n merkwaardige prestasie. [...] Min ander samelewings in die wêreld het in so ’n vroeë stadium gedwonge arbeid by wyse van wetgewing afgeskaf en vrye arbeid en nierassigheid ingestel” (Giliomee 2004:66).

Opsommenderwyse kan gesê word dat die Suid-Afrikaanse strafprosesreg sy wortels in die Romeinse, Romeins-Hollandse en Engelse reg het (Joubert 2017:25, Dugard 1977:1–56). “Teoreties bly die Romeins-Hollandse strafprosesreg [...] steeds die gemeenregtelike strafprosesreg van Suid-Afrika” (Joubert 2014:25).

Die Suid-Afrikaanse strafprosesstelsel kan as gemengd beskou word, maar is basies akkusatories (Joubert 2003:15, Joubert 2017:24). Na 1806 is daar begin met die vervanging van die inkwisoriese Romeins-Hollandse regstelsel deur ’n akkusatoriese stelsel. Ingevolge die inkwisoriese stelsel vervul die voorsittende beampte ’n aktiewe rol in die verrigtinge en hy of sy kan die beskuldigde onder kruisverhoor neem. Buiten om uitspraak te lewer en te vonnis, neem hy of sy nie aan die verrigtinge deel nie (Burchell en Milton 1991:20). Tog kan hy of sy in bepaalde omstandighede getuies roep en bevat die ondervragingsprosedure inkwisoriese elemente (Joubert 2017:24).

Vandag is die Grondwet van 1996 die hoogste regsbesag in Suid-Afrika en aandag aan universele menseregte vorm skering en inslag van hierdie hoogste wet. Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof van die Republiek (artikel 167 (3) van die Grondwet) en nie eers die staatshoof kan die bepalinge van die hof ignoreer of immuun wees teen vervolging nie. Volgens die Grondwet (artikel 165) mag geen persoon of staatsorgaan op die funksionering van die hof inbreuk maak nie en bind ’n bevel wat deur ’n hof uitgereik word, alle persone op wie dit van toepassing is.

Teen hierdie agtergrond moet ons nou in die volgende afdeling die vraag beantwoord oor hoe die regsproses in die *Reinaert* vergelyk kan word met die reg in die moderne Suid-Afrikaanse regstaat.

## 9. *Vanden vos Reynaerde* en die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel: 'n teksgebaseerde vergelyking

In haar meestersverhandeling was Lippevelde (2012:109) onder andere geïnteresseerd daarin om vas te stel “of het beskrywen recht in *Van den vos Reynaerde* in ooreenstemming was met het toenmalig geldende straf- en strafprosesrecht, zijnde het recht van het twaalfde en dertiende-eeuwse Vlaanderen, zoals beskrywen door Van Caenegem”.

Sy doen 'n baie noukeurige teksontleding van die *Reinaert* en som haar bevindinge só op: “In de meerderheid van de juridische passages, komt het recht in de literatuur ooreen met het recht in de werkelykheid” (Lippevelde 2012:109).

Die Germaanse (en meer bepaald wat die *Reinaert* betref die Oudvlaamse) strafreg het van die 11de tot die 14de eeu die oorgang deurgemaak van 'n argaïese na 'n moderne stelsel met as keerpunt in hierdie ontwikkeling die 12de eeu. In 'n enigszins vergelykbare proses verander Suid-Afrika met die Grondwet van 1996 van 'n stelsel van parlementêre soewereiniteit na 'n regstaat waar daar grondwetlike soewereiniteit heers. Die Grondwet bepaal as die hoogste reg die beginsels, soos vervat in die Handves van Regte en artikel 34 en 35, waaraan alle wetgewing, ook die straf(proses)reg, onderhewig is.

Bekink (2012:61) beskryf 'n *Rechtsstaat* soos volg:

(The concept) includes many other constitutional principles, such as the separation of powers doctrine, the supremacy of the constitution, the principles of legality, legal certainty, access to independent courts, enforceable fundamental rights and multi-party democracy.

Die gesofistikeerde strafprosesreg sorg vandag daarvoor dat daar regsprosesreëlmatigheid (“due process”) – met ander woorde 'n eerlike prosesgang – sal wees.

Die juridiese aspekte van die *Reinaert* word vervolgens aan die hand van die moderne opvatting van veral die straf(proses)reg soos wat dit vandag in Suid-Afrika daar uitsien, ontleed.

Die teks van *Vanden vos Reynaerde* waaruit aangehaal word, is die uitgawe van Burm en Van der Merwe (1973). Hulle weergawe berus op die diplomatieuse uitgawe van Hellinga van die Comburgsche handskrif, of Handskrif A (Burm en Van der Merwe 1973, Inleiding).

### 9.1 *Strafreg as publiekreg*

Die primitiewe Germaanse reg is privaatreë, met as basis die vrye afrekening tussen partye (Van Caenegem 1954:vi, 2, Joubert 2003:37, Joubert 2017:55). Die skending van private regte was nie 'n aangeleentheid vir die ganse samelewing nie, maar die betrokke partye het self die geskil onderling besleg, deur byvoorbeeld private wraakneming:

Een misdrijf is in de eerste plaats een vergrijp tegen de rechten van de enkeling, slechts in de tweede plaats tegen de belangen van de gemeenschap als zodanig. Het is dus allereerst de taak van de enkeling om zich tegen dat vergrijp te weer te stellen, bij de aanval door zelfverdediging, erna door wraakneming. (Van Caenegem 1954:234)

Die vrye afrekening, wraak en (bloed)vetes maak later in die Middeleeue plek vir straf deur die owerheid en die sogenaamde soendwang ingevolge waarvan die partye die geskille tussen hulle vreedsaam oplos: die strafreg word publiekreg. Só stel Van Caenegem (1954:247) dit: “Tussen de twee systemen die we primitief en modern noemen: zelfberechting en staatsoptreden, bevindt het Vlaams recht zich in een tussenstadium.” Dit is belangrik om hierdie kwessie in gedagte te hou in die bespreking wat volg.

Die regstelsel van die moderne Suid-Afrika verskil aansienlik van bostaande kensketsing van die Oudvlaamse reg wat uit die Germaanse reg ontstaan het. In die Republiek van Suid-Afrika is strafreg publiekreg waar die staat die verhouding tussen die staatsowerheid en die staatsonderdane reël (Snyman 2012:5). Joubert (2003:39) stel dit so: “Uit die evolusionêre vervanging van eiereg deur openbare vervolgings, blyk dit dat die meeste state ’n misdaad beskou as ’n skending van die openbare belang” en gevolglik moet die staat die nodige vervolgingstaak verrig.

In die oorgangstydperk tussen die primitiewe en die moderne regstelsels word *Reinaert* deur die koning, Nobel die leeu, voor die hof gedaag. Die opvatting dat dit die staatsmag is wat misdadigers vervolg en veroordeel, is tipies iets van die moderne strafreg. In die *Reinaert* berus die besluit om te vervolg by die koning en sy leenhere as hoeders van die openbare orde en ’n voorgeskrewe prosedure word gevolg: koning Nobel roep ’n hofdag uit (die *Placitum Generale*) volgens die heersende Germaanse gewoontereg.

Soos in afdeling 9.3 bespreek sal word, berus die besluit om te vervolg in die moderne Suid-Afrikaanse strafproses by die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings (vergelyk artikel 179 van die Grondwet van 1996).

## 9.2 ’n Ope hof: die hofdag

Sowel in die Oudvlaamse regstelsel as in die hedendaagse Suid-Afrika is die reg op ’n oop hof belangrik (vergelyk artikel 35(3)(c) in die Grondwet). Die oop hofdag in die *Reinaert* kom nog uit die tyd van die Germaanse volksvergaderings, waar alle vrye mans moes verskyn. Lulofs (1983:203) beskryf die hofdag in die *Reinaert* as volg:

De hofdag komt voor uit de oude volksvergadering waar alle vrije mannen dienden te verschijnen. Het gerecht was verdeeld over [...] het lagere, midden en hoge gerecht. Het hoge gerecht was voorbehouden aan de vorst en vond plaats tijdens de curia alta, de (feestelijke) hofdag. Daar werden de kapitale delicten behandeld evenals de veten onder de adel.

Die idee van ’n oop hof (wat in die Middeleeue deur alle vrye mans en nie net adellikes nie bygewoon mog word) word in die Suid-Afrikaanse Grondwet in artikel 35(3)(c) gestel:

Die Grondwet word deur onder andere die waardes van openheid en verantwoordbaarheid onderskraag. So byvoorbeeld bepaal artikels 34 en 35(3)(c) van die Grondwet dat strafverhore in die openbaar moet plaasvind. Hierdie beginsel bevorder verantwoordbaarheid en die publiek se vermoë om die regsproses te verstaan. (Erasmus 2016:888)

Die meeste hofsittings mag deur die publiek bygewoon word en soms word selfs die pers toegelaat en kan die publiek deur middel van televisie-uitsendings 'n hele saak volg. Sake word dus by uitsondering *in camera* aangehoor – slegs wanneer dit in belang van geregtigheid is (artikel 74(1)(b)(i) en artikel 153(1) van Strafproseswet 51 van 1977). Tog is iets soortgelyks aan die ou Germaanse hofdag wat net sekere vasgestelde tye van die jaar sit, en waar almal (of ten minste alle mans) teenwoordig moes wees, vreemd aan ons moderne tyd. Die Hooggeregshof (die verskillende Hoë Howe), die Hoogste Hof van Appèl en ook die Konstitusionele Hof sit wel net sekere tye.

### 9.3 Die skeiding van magte

Die skeiding van magte, wat van fundamentele belang is vir 'n moderne demokrasie soos dié in Suid-Afrika vandag (Bekink 2012:46), is nog nie streng gehandhaaf ten tye van die skryf van die epos nie. Die beslissing om die vos wel of nie te vervolg nie, berus by koning Nobel as koning en staatshoof. Hy raadpleeg wel, soos voorgeskryf, sy leenhere, maar hy tree terselfdertyd, benewens as “vervolgingsgesag”, ook op as regter in 'n duidelike skending van hierdie belangrike beginsel.

Die koning was die beliggaming van die regstelsel en sy rol was dié van regter eerder as wetgewer. Die koning as regsprekende gesag was nie geheel en al onafhanklik nie en hy is nie toegelaat om sonder die bevolking se toestemming iets te verbied wat die gemenerereg toegelaat het of om iets toe te laat wat die gemenerereg verbied het nie (Hahlo en Kahn 1973:430). Daar was dus 'n inperking van die koning se gesag wat vermoedelik ook in die howe gehandhaaf sou word in geval van litigasie waar die koning se regskeppende magte ter sprake kom. In Reinaert se verhoor kan dié inperking wel gesien word, soos ons sal aantoon.

In Suid-Afrika, wat 'n republiek is en nie 'n monargie nie en waar die idee van 'n adelstand en leenhere vreemd is, berus die bevoegdheid om strafregtelik te vervolg by 'n onafhanklike instansie, die Nasionale Vervolgingsgesag, en die regbank mag nie ingryp by 'n bona fide-besluit van hierdie instansie nie, behalwe waar so 'n besluit irrasioneel is of teen die Grondwet of ander wetgewing indruis. Hierbenewens kan misdrywe ook deur die publiek by die polisie aangemeld word. Die saak word vervolgens deur 'n onafhanklike regbank aangehoor wat in artikel 165(2) van die Grondwet soos volg gereguleer word:

Die howe is onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg, wat hulle onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas.

In teenstelling hiermee tree koning Nobel, saam met sy leenhere, kragtens die Germaanse gewoontereg op: én as vervolgingsgesag én as regters.

### 9.4 Die wraakbeginsel en vetes

Soos alle ander beskaafde regstelsels wyk die Suid-Afrikaanse reg af van die wraakbeginsel, dit wil sê van 'n prosedure waar iemand wat pyn, skade of besering gely het, hom direk wreek op die persoon wat hom sodanig aangetas het. Burchell en Milton (1991:5) lewer as volg kommentaar op hierdie stelsel van private wraak:

From a social point of view such personal or “private” vengeance has many drawbacks. Since retaliation tends to promote counter-retaliation, private vengeance

has a tendency to escalate into a sort of private warfare (the “blood-feud”) as the victims of vengeance draw families, clans, even tribes, into the business of retaliation and counter-retaliation. As a society becomes progressively more civilised, the social disruption brought about by the feud becomes less tolerable. A point arises where the society decides that feuding can no longer be allowed. Ending the feud, it is realised, means abandoning the system of private vengeance and replacing it with a system of publicly administered retaliation against wrongdoers (“public punishment”). It is at this point in social evolution that what can be described as the criminal law proper begins to emerge.<sup>9</sup>

In die *Reinaert* is daar wel deeglik nog sprake van vete en wraak. Die hoenders is met die moord op Coppe reg vir bloedwraak teen Reinaert se clan. Ook Bruun wil hom op Reinaert wreek nadat hy deur die vos verneder is (verse 952–3). In die moderne Suid-Afrika erken ons nie hierdie beginsel in die strafreg nie. Direkte wraak, soos wat daar wel soms in vigilantemoorde opgemerk word, is onwettig en dié wat hulle daaraan skuldig maak, word strafregtelik vervolg.

Ook die teendeel van die vete, naamlik die soendwang of versoening, kom in die *Reinaert* voor.

### 9.5 Soendinc (versoening)

In verse 187–9 vra Grimbeert vir Isengrijn of hy wil versoen (“soendinc aangaen”) en bied aan om daarmee te help:

Heere Ysengrijn, wildi angaen  
Soendinc ende dat ontfaen?  
Daer toe willic helpen gherne.

Die versoening as oplossing vir en voorkoming van vetes kom meermale in die *Reinaert* voor. In verse 1886–92 verlaat Reinaert se familieclan die hof nadat hulle hul versoen het met die familie van Reinaert se slagoffers. Daar is ook sprake van versoening tussen die vos en koning Nobel nadat Reinaert belowe het om voortaan ’n beter lewe te lei.

### Verse 2767–74

Die coninc die sprac vriendelike:  
“Reynart es hier commen te hove  
Ende wille, dies ic goede love,  
Hem betren met al zinen zinnen,  
Ende mijn vrouwe, de coninghinne,  
Hevet so vele ghebeden voer hem  
Dat ic zijn vrient worden bem,  
Ende hi versoent es ieghen mi  
Ende ic hem hebbe ghegheven vry  
Beede lijf ende lede.”

[Die koning het vriendelik gepraat:  
“Reinaert het na die hof toe gekom  
En wil, waarvoor ek God dank,  
Sy lewe verbeter van ganser harte,  
En haar Majesteit, die Koningin,  
het so vir hom gepleit,  
Dat ek sy vriend geword het  
En hy weer in my guns is  
En ek stel hom sy straf dus kwyt  
En hy is nou versoen met my.  
En ek gee hom vrye beskikking oor  
Sy lewe sowel as sy ledemate”.]

Die “soendinc” gaan dus om die proses tot versoening en die bylê van die vete. So ’n moontlikheid bestaan nie tydens ’n strafsak in Suid-Afrikaanse howe nie – trouens, die idee van die vete self het lank reeds uit die moderne regstelsel verdwyn.

### **9.6 Die vermoede van onskuld**

In Suid-Afrika word iedereen as onskuldig beskou tot die teendeel bewys is en die verdagte deur die regbank skuldig bevind word, met nakoming van die reëls van die bewysreg en strafprosesreg (artikel 35(3)(h) van die Grondwet). Die staat moet sy saak bo alle redelike twyfel bewys in ’n regverdigde en openbare verhoor waar die aangeklaagde aanwesig is.

In die *Reinaert* is dit baie duidelik dat die diere wat na die hofdag kom, Reinaert nie goedgesind is nie – “daer hi in hadde crancken lof” (vers 56) – en dit is dan ook die rede waarom hy aanvanklik nie durf opdaag nie.

Dit is natuurlik geensins verbasend dat die mense wat die klagte teen hom lê, hom nie goedgesind is nie, maar nietemin moet die korrekte prosedure gevolg word. Ook Reinaert word dus geag onskuldig te wees en hy behoort eintlik sonder skroom hof toe te kan gaan.

### **9.7 Regsreëlmatigheid (“due process”)**

Alhoewel die publiek op koning Nobel se hofdag ongetwyfeld van mening is dat die vos skuldig is aan ’n groot aantal misdade, herinner Grimbeert die dat die hof telkens aan Reinaert se regte. Hy mag nie sonder meer veroordeel en gestraf word nie, maar moet byvoorbeeld eers drie maal gedaag word om self voor die hof te verskyn.

Daar is verder sprake van die nakoming van nog ’n belangrike beginsel: geen veroordeling van ’n afwesige nie, oftewel skuldigbevinding en vonnis in absentia (Joubert 2017:118).

In verse 183–281 sê Grimbeert opsommenderwyse dat die reg sy loop moet neem, maar dat die proses nie in die afwesigheid van die beskuldigde mag plaasvind nie. Trouens, Reinaert sou op sy beurt self klagte teen die ander diere kon inbring. Grimbeert verdedig Reinaert nadat sekere klagte gelê is en bespreek die redes waarom hy inderwaarheid nie skuldig is aan die aanklagte teen hom nie.



Ook die raadshere van die Koning is van oordeel dat Reinaert (hy is op stuk van sake 'n edelman soos hulle) 'n eerlike proses moet kry. Hierdie vorm van prosesreg was ten tye van die ontstaan van die *Reinaert* nog nie lank in gebruik nie (Slings 1999:21), maar nietemin is dit duidelik dat Nobel nie sonder meer kan besluit om wraak te neem op die vos nie.

In Suid-Afrika is daar uitsonderings op die algemene beginsel dat die verhoor van 'n beskuldigde in sy of haar teenwoordigheid moet plaasvind. Joubert (2017:120 e.v.) wy uitvoerig aandag aan hierdie gevalle.

### **9.8 Die aanwesigheid van die beskuldigde as regsobjek in die hof**

Volgens artikels 34 en 53 (3)(c) en (e) van die Suid-Afrikaanse Grondwet is die beskuldigde daarop geregtig om aan die hofverrigtinge deel te neem.

Hierbenewens is een van die belangrikste regte van iemand wat van 'n misdaad verdink word, om deur 'n raadsman of regsverteenwoordiger (advokaat of prokureur) bygestaan te word. Dit is van gemeenregtelike oorsprong (Joubert 2017:101–2) en dit word vandag beskerm deur die Grondwet in artikel 35(2) en (3).

Ook hier verskil die proses in die *Reinaert* nie wesenlik van die moderne strafprosesreg in Suid-Afrika nie. Reinaert verskyn na sy derde daging in die hof en kies, oënskynlik vol selfvertroue, om sy eie verdediging waar te neem.

### **9.9 Geen aanklag, geen reg**

Reinaert moet formeel, mondeling en in die openbaar aangekla word, soos wat dan ook gebeur. In Suid-Afrika word onder streng voorskrifte (wat betref beide substansie en formaliteite) 'n aanklag (in die laer howe) of 'n akte van beskuldiging (in die hoë howe) opgestel en aan die beskuldigde verstrek (vergelyk artikel 38 van die Strafproseswet 51 van 1977 en Joubert 2017:148). Die besonderhede in die klagstaat of akte van beskuldiging moet voldoende wees om die beskuldigde in staat te stel om die klag teen hom te verstaan en daarop te pleit.

'n Verdere belangrike beginsel is dié van *nullum crimen sine lege* (“geen misdaad sonder 'n regsreël nie”). Dit staan ook bekend as die legaliteitsbeginsel (Snyman 2012:37). Dit was in die Middeleeue, en dit is vandag nog, ongeoorloof om iemand aan te kla van 'n handeling wat nie 'n misdaad is nie, hetsy ingevolge statuut of die gemenerereg (De Wet 1984:44–7).

### **9.10 Die aanklagte**

Die misdrywe waarvan Reinaert in sy afwesigheid by die hofdag aan die begin van die epos beskuldig word, was tipies van die Middeleeuse samelewing, en hulle is ook nie vreemd in die 21ste eeu nie. (Die aanklagte word later herhaal wanneer Reinaert wel voor die hof verskyn.) Die lys is lank en sluit ernstige aanklagte in.

**Klaer: Isengrijn die wolf**

(Verse 73–7)

Die verkragting van Isengrijn se vrou Hersinde en daarmee ook die skending van Isengrijn se eer. Die klag blyk later eintlik medepligtigheid aan owerspel te wees omdat Hersinde volgens Grimbeert ingestem het tot die gemeenskap.

Ernstige mishandeling van Isengrijn se kinders. Reinaert sou op die twee wolfwelpies geürineer het, waardeur hulle blind geword het.

**Klaer: Cortoys** (die “onuitstaanbare” hondjie, soos wat Berents (1985:31) hom noem, wat boonop net Frans praat)

(Verse 100–6)

Diefstal van ’n wors.

Hierdie klag slaag nie die regstoets nie, soos wat Grimbeert dan ook later in sy pleidooi (verse 177–281) met die spreuk *male quesite male perdite* (vers 257) aantoon. Burm en Van der Merwe (1973:13) vertaal hierdie spreuk as “so gewonne, so geronne” (dit wil sê wat ’n mens maklik verkry het, bly nie lank in jou besit nie). Cortoys het naamlik die wors eers by Tybeert die kat afgeneem wat op sy beurt die wors weer by ’n meulenaar gesteel het. (Vergelyk Tybeert se getuienis in verse 107–121.)

**Klaer en getuie: Pancer die bewer**

(Verse 126–69)

Poging tot moord op Cuwaert die haas.

Pancer het gesien hoe Reinaert, terwyl hy voorgee dat hy die kredo aan Cuwaert leer, met die doel om hom kapelaan te maak, probeer om die haas se kop af te byt.

Getuienis: vars wonde aan Cuwaert se keel.

**Klaer: Canticleer die haan; getuies, Cantaert en Crayant**

(Verse 315–420)

Moord op Coppe die hoenderhen, die dogter van Canticleer. Die moord verbreek tewens die koningsvrede en is een van die *delikte sui generis*.<sup>10</sup>

Die gebruik van die woord *delik* in ’n strafsak val vreemd op, alhoewel Lippevelde (2012) die woord wel meermale gebruik, soos byvoorbeeld op bl. 50. Die woord *misdaad* of *misdryf* sal hier te lande gebruik word, want die moderne Suid-Afrikaanse gebruik van die woord *delik* dui op ’n siviëlregtelike proses. Soos aangetoon in 9.1, was daar nog nie dieselfde streng skeiding tussen strafreg en siviele reg in die Germaanse reg gedurende hierdie tydperk in Middeleeue nie (Dugard 1977:10). Ook in vroeg-Romeinse reg was daar nie ’n duidelike

onderskeid tussen misdade en siviele oortredings (*delikte*) nie, maar vandag is die onderskeid redelik duidelik: die staat vervolg misdade en siviele oortredings het private vergoeding tot gevolg (Du Plessis 2010:317).

Na hierdie ernstige aanklagte raai die edelmanne, die baronne, Nobel aan om die juiste proses te volg en Reinaert voor die hof te daag sodat hy behoorlik verhoor en veroordeel kan word.

Reinaert word in hierdie tonele in sy afwesigheid beskuldig, maar wanneer hy uiteindelik wel voor die hof verskyn (verse 1852–67), word die aanklagte ook in die openbaar geuit.

Soos ons later sal sien, kan nie alleen die ander diere nie, maar ook Reinaert klagte lê, en hy doen dit dan ook ná sy eie vonnisoplegging.

Behalwe wat betref 'n moontlike klag van owerspel (weens die gewillige deelname van Hersinde was daar nie werklik sprake van verkragting nie) en die verbreking van die koningsvrede, is al die genoemde misdade (verkragting, aanranding, diefstal, poging tot moord en moord) ook strafbaar in die hedendaagse Suid-Afrika (De Wet 1984, Snyman 2012).

### **9.11 Die bewyslas**

Daar moet natuurlik grondige redes aangevoer word om te kan vervolg, sowel in die 13de-eeuse Vlaandere as in die 21ste-eeuse Suid-Afrika. Die huidige toets in Suid-Afrika is of daar 'n prima facie-saak is en as dit so is, en as daar geen dwingende redes is om nie te vervolg nie, het 'n aanklaer wel 'n plig om te vervolg (Joubert 2017:79).

In die epos staaf die klaers dan ook hulle klagte met bewyse en die baronne veroordeel Reinaert tot die galg.

Alle reëls van die bewysreg word egter genegeer wanneer Reinaert later sy verhaal van hoogverraad, samespanning en gesteelde skatte aan die koning opdis (verse 2142–50). Die korrupte koning aanvaar sonder meer Reinaert se woord (let wel: sonder enige bewyse), skeld hom sy vonnis kwyt en bied hom ook sy vrede aan. Bruun en Isengrijn word op grond van Reinaert se “getuienis” in voorarres geplaas weens sameswering teen die koning sonder dat daar enige prima facie-getuienis teen hulle is.

Willem, die skrywer van die verhaal, maak dit duidelik dat dit koning Nobel is wat hier op juridiese gebied verkeerd is. Hy beeld die koning uit as 'n magswellusteling wat die regsreëls uit eiebelang eenkant toe skuif – 'n handeling wat later dreig om sy eie ondergang te bewerkstellig.

Willem vertel 'n verhaal waarin die magshebbers van sy tyd (en veral die koning) aan die kaak gestel word as mense wat nie reg laat geskied nie, maar verblind word deur hebsug en die sug na roem en eer. Wanneer Reinaert – wat natuurlik geen engel is nie – se gruwelike bedrog en die moord op Cuwaert duidelik word, dring die omvang van sy eie swakheid tot die verslae koning deur:

**Verse 3383–8**

Die coninc stont in drouven zinne  
Ende slouch zijn hoeft neder.  
Over lanc hief hijt weder  
Up ende begonste werpen uut  
Een dat vreeselicste gheluut  
Dat noint van diere ghehoort waert.

[Die koning staan verslae  
En laat sy hoof sak  
Na 'n lang tyd hef hy dit weer  
Op en begin om uit te stoot  
Een van die vreeslikste geluide  
Wat ooit van 'n dier gehoor is.]

Van Oostrom noem die geluid wat die koning uitstoot, sy oerskreeu (2006:473). Sy sogenaamde geordende regstaat (waarin net Reinaert hom aan oortredings skuldig maak) is deur en deur korrupt. In hierdie koninkryk is Reinaert sowel provokateur as ontmaskeraar van hierdie wêreld (Van Oostrom 20016:473).

Die eweneens korrupte optrede van Firapeel die luiperd herstel ten slotte die koning se mag, maar dit laat 'n wrang smaak in die mond.

In Suid-Afrika sal dit vanweë die Grondwet nie so maklik wees vir 'n staatshoof om op soortgelyke korrupte wyse die reg in eie hande te neem nie. Die ingryping in die hele proses deur 'n persoon soos Firapeel behoort eweneens onmoontlik te wees. 'n Moderne staatshoof het wel die reg om grasia aan 'n veroordeelde te verleen.

***9.12 Die onafhanklikheid en onpartydigheid van die regbank***

Nobel is 'n partydige en korrupte regter wat nie skroom om alle juridiese reëls te skend nie, en die Middeleeuse publiek wat die verhaal aanhoor, weet dit maar alte goed en weet ook dat dit nie so hoort nie. Soos vroeër genoem, is die verwagting ook in Suid-Afrika dat die regbank onpartydig sal optree. Artikel 165(2) van die Grondwet reguleer die regbank as volg:

Die howe is onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg, wat hulle onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas.

Die voorsittende beampte moet onpartydig en hoflik wees (Joubert 2017:291) en beskuldigdes het die reg op gelyke beskerming deur die reg (artikel 34 van die Grondwet).

Partydigheid of begunstiging van een party bo 'n ander hoort dus nie in 'n strafverhoor nie. Die diere wat Reinaert aankla, is duidelik bevooroordeel, maar die reg gaan voorlopig nog sy gang.

### 9.13 Regsformalisme

Toe die epos geskryf is, het erge “proceduraal formalisme” of prosesrigorisme nog geheers en Van Caenegem (1956:267) beskryf al die heersende reëls in besonderhede. Hy noem dit ontsag vir vorm:

[D]e eerbiediging van een geheel van houdingen, termen, gebaren, termijnen die verplichtend zijn voor al wie in het gerecht optreedt, allerlei uiterlijke vormen die louter mechanisch dienen geëerbiedigd te worden en sancties meebrengen die tot het verlies van het recht kunnen gaan. (Van Caenegem 1956:268)

So begin Isengrijn in verse 65–7 sy klag met die korrekte bewoording: “Ontfaerme hu miere scade”. In Burm en Van der Merwe (1973:4) word dit vertaal as: “Mag u medelye hê met my leed”. Ook Cantecleer tree, in verse 315–21, na vore op die voorgeskrewe manier en spreek die formule uit: “Nu ontfaermet miere scade”.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse regstelsel nie hierdie uiterste vorm van formalisme ken nie, is daar wel streng strafprosesreëls waaraan gehoor gegee moet word. Verder is die taal waarin wette en regsdokumente geskryf word, vir leke wel baie moeilik om te verstaan (Cornelius 2015) en die regstelsel en hofprosedure self word ook deur baie mense as te formalisties beskou.

### 9.14 Verskyningsplig

Die verskyningsplig waarvolgens alle leenhere op die hofdag moet verskyn, is vreemd aan ons howe. Die feodale samelewing met sy adelstand het immers verdwyn en ’n staatshoof steun nie op die raad van ’n sekere stand of klas nie. (Soos reeds genoem, sal ’n staatshoof in ieder geval nie mág regter speel nie.)

Die vroeëre juriestelsel in Suid-Afrika, waar gelykes of eweknieë van die beskuldigde aan die verhoor deelgeneem het, is miskien enigsins vergelykbaar met die verskyningsplig, maar dit is in wese ’n Engelse proses wat nie deel was van die Europese gewoontereg of die latere *ius commune* nie. Die juriestelsel was wel deel van die Suid-Afrikaanse reg, maar dit is in Wet 34 van 1969 afgeskaf.

### 9.15 Die kerkreg

In die *Reinaert* is daar aspekte van die kerkreg op te merk. Reinaert verkeer na afloop van sy hofspraak deur die koning nog steeds in die pouslike ban en hy moet ’n pelgrimstog na Rome onderneem om sy saak daar te laat aanhoor.

Die grens tussen kerkreg en gewoontereg in die *Reinaert* word nie skerp getrek nie. So hoor Grimbeert, ’n dienaar van die hof wat Reinaert daag om voor die hof te verskyn, ook Reinaert se bieg aan en gee hom daarna 40 ligte houtjies met ’n takkie om hom vry te skeld van sy sonde:

**Verse 1674-6)**

Grimbeert was wijs ende vroet  
Ende brac een rijs van eere haghe  
Ende gaffer mede .xl. slaghe

In Afrikaans:

Grimbeert het geweet wat om te doen  
En het 'n takkie van 'n struik afgepluk  
En het daarmee veertig slae gegee

**9.16 Voëlvryverklaring**

Aan die einde van die epos word Belijn die ram en sy hele familie voëlvry verklaar omdat hy nie die haas kon red nie en Reinaert laat wegkom het. Dit beteken dat die wolf Isengrijn en die beer Bruun Belijn en sy familie enige tyd mag doodbyt (vers 3446).

Voëlvryverklaring is nie in die moderne Suid-Afrika 'n straf wat opgelê kan word nie. Dit word nie as een van die moontlike strawwe in hoofstuk 19 van Joubert (2017) gelys nie. Trouens, nie een van die strafvorme wat Joubert (2017:415 e.v.) bespreek, maak voorsiening vir die doodmaak of verwonding van 'n teenstander nie.

**9.17 Familieskuld, vetes en versoening**

Op aandrang van die listige Firapeel moet die pyn en leed van die wolf en sy vrou Hersinde, asook dié van die dapper beer, deur Belijn se voëlvryverklaring terugbetaal word:

**Verse 3412–7**

“Es ghedaen mesdaet, men saelt zoenen.  
Men sal den wulf enten beere doen comen,  
Ende vrouwe hersenden also wel,  
Ende betren hem hare mesdaet snel  
Ende over haren toren ende over hare pine  
Versoenen metten ram beline,”

Vry vertaal kan ons dit so weergee:

“As daar onreg begaan is, moet mens dit versoen  
Mens moet die wolf en die beer laat kom  
En ook vrou Hersinde  
En hulle vinnig skadeloos stel  
Vir hulle aangedane onreg  
En vir hulle leed en pyn  
Die ram Belyn (as skadeloosstelling) gee”



Firapeel onderneem voorts om die versoening tot stand te bring, wat hy dan ook doen:

**Verse 3434–45**

Ghi heeren beede,  
Ic bringhe hu vrede ende gheleede.  
Mine heere de coninc groet hu  
Ende hem berauwet zeere nu  
Dat hi ieghen hu heeft mesdaen.  
Hi biet hu, wildijt ontfaen,  
Wie so blide si ofte gram;  
Hi wille hu gheven belin den ram  
Ende alle sheere belins maghe  
Van nu toten doms daghe.  
Eist int velt, eist int wout,  
Hebse alle in hu ghewout,  
Ende ghise ghewilleghelike verbit.

Afrikaanse vertaling:

U twee here,  
Ek bied u regsvrede en veilige begeleiding/beskerming aan  
My heer die koning groet u,  
Dit spyt hom nou baie  
Wat hy teenoor u verkeerd gedoen het.  
Hy bied u, as u dit wil aanvaar,  
Wie hom ook al daarvoor mag verheug of vererg;  
Hy wil u gee Belyn, die ram  
En al die heer Belyn se familie  
Van nou tot die oordeelsdag.  
Of dit in die veld of die bos is  
Het (u) hulle almal in u mag  
En byt u hulle na hartelus dood.

**9.18 Die verstekvonnis**

Nadat Grimbeert die derde daging ten uitvoer gebring het, stem Reinaert in om na die hof te gaan. Reeds nadat Tybeert misluk het om Reinaert voor die hof te bring, wou die diere Reinaert deur middel van die vetereg verhoor. Maupertuus moes beleër word en Reinaert en sy gesin opgehang word. As Reinaert nie hof toe sou gaan nie, kon hy by verstek in absentia gevonniss word. Hy kon dan byvoorbeeld voëlvry verklaar word, en enigeen sou hom kon doodmaak.

Lippevelde skryf, met verwysing na Van Caenegem (1954:246), as volg oor hierdie nieverskyning in die hof:

Tot in de loop van de twaalfde eeuw werd men schuldig bevonden aan het misdrijf van niet-verschijnen of versmading van de rechtsorde, wanneer men zonder excuus niet verscheen en dus ongehoorzaam was aan de dagvaarding. Vanaf de tweede helft

van de twaalfde eeuw werd men in dat geval veroordeeld bij verstek (en niet meer wegens verstek) omdat de beschuldigde zo toegaf dat hij iets had mispeuterd.

Die verstekvonniss soos wat dit in Reinaert se verhoor toegepas kon word, naamlik 'n vonniss weens nieverskyning, geld nie vandag in Suid-Afrika nie.<sup>11</sup>

### 9.19 Die onskuldseed

Isengrijn kla in vers 82 dat Reinaert 'n onskuldseed moes gesweer het (“soude hebben ghedaen / sine onsculde”) maar dit nie gedoen het nie. Die onskuldseed was 'n Middeleeuse bewysmiddel uit die primitiewe reg: “Het meest gebruikte van de oud-Germaanse sakrale bewijsmiddelen in het primitieve Vlaamse procesrecht is de onschuldseed van de betichte” (Van Caenegem 1956:147). Volgens dié soort ander bewysmiddels wat ter beskikking was, sien die regter daarvan af om deur middel van 'n rasonale, objektiewe versameling van inligting (soos by monde van getuies of stoflike bewyse) die gebeure in sy gees te herroep en so die skuldvraag op te los (Van Caenegem 1954:115–6). Indien Reinaert 'n onskuldseed sou aflê, sou dit inhou dat hy homself sou vervloek sodat die duivel hom sou kom haal indien hy nie die waarheid praat nie: “Deze zelfvervloeking maakt indruk op de primitieven. Men gelooft hem op zijn woord: indien hij meinedig is zal de duivel zijn gebeente hebben!” (Van Caenegem 1956:148). Gebeur dit dan nie, praat hy die waarheid en is hy onskuldig

Iets soos hierdie onskuldseed het vandag geen plek in ons howe nie. *Skuld* moet bewys word en nie *onskuld* nie en hierdie bewyslas rus op die staat (Joubert 2017:20). Regterlike beamptes mag hulle beslissings alleen op getuienis wat in die hof aangehoor is, grond (Joubert 2017:292). Daar is nie die verwagting dat die beskuldigde sy onskuld moet bewys nie – nie by wyse van 'n eed of iets anders nie, al moet getuienis onder eed afgelê word (Joubert 2017:292). Indien die eed (of bevestiging deur die getuie dat hy of sy die waarheid praat) nie afgelê word nie, is die getuienis wel ontoelaatbaar (Joubert 2017:369).

Die verdediging mag wel poog om die staat se bewyse van skuld te bevraagteken en indien die staat hom nie goed van sy bewyslas gekwyd het nie, is die beskuldigde geregtig op vrypraak selfs al getuig hy nie.

### 9.20 Notariële simboliek

Hierdie tipiese Middeleeuse gebruik word geïllustreer in verse 2542–5 en 2561–7. Slings (1999:70) verduidelik “notariële simboliek” as die gebruik om 'n handeling te verrig en te bekragtig met 'n simboliese gebaar, eerder as om byvoorbeeld 'n skriftelike kontrak te onderteken tydens 'n ooreenkoms.

Wanneer koning Nobel glo dat Reinaert die wegsteekplek van die skat aan hom sal vertel, reik hy Reinaert 'n strooihalm:

#### Verse 2542–5

Doe nam die coninc een stro  
Ende vergaf Reynaerde al gader  
Die wanconst van sinen vader  
Ende zijns selves mesdaet toe.

Afrikaanse vertaling:

Toe neem die koning 'n strooihalm  
En vergeef Reinaert daarmee  
Die vyandskap van sy vader  
En ook sy eie misdade.

Op sy beurt bekragtig Reinaert ook sy eie onderneming (om die skat van Ermerik aan die koning te gee) met die oorhandiging van 'n strooihalm (verse 2561–4). Die aartsskurk Reinaert kom egter nie sy ooreenkoms na nie en die oorhandiging van die strooihalm is 'n leë gebaar, vol ironie.

## 10. Samevatting

Deur middel van teksontleding, en steunend op 'n uiteensetting van die Middeleeuse Vlaamse asook die moderne Suid-Afrikaanse regstelsels, kon ons wys op bepaalde ooreenkomste en verskille tussen die regstelsel soos in die *Reinaert* weerspieël en die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel aan die hand van sekere regsbeginsels.

Daar is merkwaardig baie ooreenkomste, maar daar is ook regsbeginsels wat vreemd is aan ons tyd, te wete:

- die optrede van die staatshoof as regter
- die betrokkenheid van die staatshoof (die koning) se leenhere (die adelstand) by die proses, veral by vonnisoplegging
- die erge prosesrigorisme soos wat Van Caenegem dit ook beskryf
- die verskyningsplig waarvolgens alle vry mans by die hofdag moet opdaag
- kerkregtelike aspekte soos die pouslike ban en die vryspraak van oortredings
- die verstekvonnis of vonnis in absentia
- die verbreking van die koningsvrede
- bloedwraak, vetes en versoening
- die onskuldseed
- voëlvryverklaring.

Baie van die bogenoemde regsaspekte kom uit 'n feodale samelewing wat vandag nie meer bestaan nie. Dit is dan ook nie verbasend dat hulle nie die lang evolusie vanaf die primitiewe tot die moderne Europese en Suid-Afrikaanse reg meegemaak het nie. Die besonder wrede straf wat die koning (aangevuur deur die koningin) die wolf en die beer oplê, sal nie vandag in Suid-Afrika geduld word nie, en so ook nie die doodstraf wat Reinaert aanvanklik opgelê word nie.

## 11. Ten slotte

Based upon formula, gesture and ritual, the procedures of the feudal court resembled more than superficially the literary performance. Both fulfilled in different ways a

common purpose – the affirmation of an acknowledged set of shared beliefs and aspirations through the articulation of a collective history. (Bloch 1977:7)

Die reg, soos ook die letterkunde, gee 'n aanduiding van 'n gedeelde stel geloofsreëls wat deel is van 'n kollektiewe geskiedenis. Die teks *Vanden vos Reynaerde* leen hom uitmuntend tot hierdie deelgebied waar die reg en letterkunde mekaar ontmoet.

Wat betref 'n gedeelde stel waardes en 'n sin vir geregtigheid wat geformaliseer word, verskil die Middeleeuse samelewing nie van die moderne Suid-Afrikaanse een nie. Die regsstelsel wat in swang was toe die epos geskryf is, het nie onveranderd bly voortbestaan nie en daar was dan ook die verwagting dat daar, benewens ooreenkomste, ook verskille sou wees tussen die twee regsstelsels waaroor dit in hierdie artikel gaan.

Die ooreenkomste wat deur die teksontleiding gewys is, toon aan dat daar verbasend min fundamentele verskille tussen die heersende reg in die *Reinaert* en die moderne Suid-Afrikaanse reg is. Die regsreëls en prosesgang kan opvallend maklik en goed gevolg word en aspekte daarvan is bekend vir 'n hedendaagse (Suid-Afrikaanse) leser.

Ons kan alleen maar bewondering hê vir sowel diegene wat die vernuwende laat-Middeleeuse regsprosesse van stapel gestuur het as vir die weergalose meester Willem, wat in sy meesterstuk korrupsie aan die kaak stel, in die besonder die ignorering en minagting van die reg deur die magshebbers van sy tyd.

## Bibliografie

Bekink, B. 2012. *Principles of South African constitutional law*. Durban: LexisNexis.

Berents, D.A. 1985. *Het werk van de vos: Samenleving en criminaliteit in de late middeleeuwen*. Zutphen: Walburg Pers.

Bloch, R.H. 1977. *Medieval French literature and law*. Berkeley: University of California Press.

Burchell, J. en J. Milton. 1991. *Principles of criminal law*. Kaapstad: Juta.

Burm, O.J.E. en H.J.J.M. van der Merwe. 1973. *Van den Vos Reynaerde: Uitgegeef na die Comburgsche handskrif. Van 'n inleiding, aantekeninge en 'n glossarium voorsien*. Pretoria: Van Schaik.

Coertze, L.I. 1937. Watter regsstelsel beheers die verhouding tussen owerheid en onderdaan in die unie – Romeins-Hollandse reg of Engelse reg? Rede by die aanvaarding van die professoraat in die Staatsreg aan die Universiteit van Pretoria.

Coetzee, A. 1940. *Die verhaalskat van "Ons Klyntji" (1896–1905)*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

- Conradie, C.J. 2011. Hanghen ende thoeft af slaen: Vorme van geweld in enkele Middelnederlandse tekste. *Werkwinkel*, 6(1):23–36.
- Cornelius, E. 2015. Sinskonstruksies kenmerkend van Afrikaanse regstaal. *LitNet Akademies*, 12(3):239-73.
- De Jong, C. 1983. *Van Reinaard die vos (Reinaard I). Ingelei en vertaal uit die Middeleeuse Nederlands*. Hulst: Eie uitgawe.
- De Wet, J.C. 1985. *Strafreg*. Durban: Butterworth-Uitgewers.
- Dolin, K. 2007. *A critical introduction to law and literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Dugard, J. 1977. *South African criminal law and procedure. Volume IV*. Kaapstad: Juta & Kie Bpk.
- Du Plessis, P. 2010. *Borkowski's textbook on Roman Law*. Oxford: Oxford University Press.
- Edwards, A.B. 1995. The history of South African law. In Hosten e.a. 1995.
- Erasmus, D. 2016. *S v Pistorius*: Ope geregtigheidspleging, mediadekking van hofverrigtinge en die olifant in die kamer. *LitNet Akademies (Regte)*, 13(3):878–912.  
[http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/12/LitNet\\_Akademies\\_13-3\\_Erasmus\\_878-912.pdf](http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/12/LitNet_Akademies_13-3_Erasmus_878-912.pdf)
- Gaakeer, J. en F. Ost (reds.). 2008. *Crossing borders, law, language, and literature*. Nijmegen: Wolf Legal Publishers.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gravdal, K. 1992. Law and literature in the French Middle Ages: Rape law on trial in *Le Roman de Renart*. *Romanic Review*, LXXXIII:1–24.
- Grobbelaar, P.W. 1981. Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans. Doktorale proefskrif. Universiteit Stellenbosch.
- Hahlo, H.R. en E. Kahn. 1973. *The South African legal system and its background*. Kaapstad: Juta.
- Hellinga, W.Gs. 1958. Het laatste woord is aan Firapeel. *Maatstaf*, 6:353–73.
- Hosten, W.J., A.B. Edwards, F. Bosman en J. Church. 1995. *Introduction to South African law and legal theory*. 2de uitgawe. Durban: Butterworth.
- Jacoby, F.R. 1970. *Van den vos Reinaerde. Legal elements in a Netherlands epic of the thirteenth century*. München: Wilhelm Fink Verlag.
- Joubert, J.J. (red.). 2003. *Strafprosesreg*. Landsdowne: Juta & Kie Bpk.

- . 2014. *Strafprosesreg.* Claremont: Juta & Kie Bpk.
- . 2017. *Strafprosesreghandboek.* Claremont: Juta & Kie Bpk.
- Kleyn, D.G. 1989. Regsontwikkeling in die Middeleeue. In Ohlhoff en Brink (reds.) 1989.
- Lesaffer, R. 2013. *Inleiding tot de Europese rechtsgeschiedenis.* Leuven: Universitaire Pers Leuven.
- Lippevelde, L. 2012. Het recht in het Middelnederlandse dierenepos *Van den vos Reynaerde.* Een onderzoek naar de verhouding tussen recht en genre. MA-verhandeling. Universiteit Gent.
- Lulofs, F. 1983. *Van den vos Reynaerde.* Groningen. Walters-Noordhoff.
- Middleton, A.J. 1983. Judicial considerations concerning the imposition of criminal punishment: A historical survey. Doktorale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- Mussche, A. 1964. *Reinaert de vos.* Amsterdam: Meulenhoff.
- Ohlhoff, C.H.F. en M. Brink (reds.). 1989. *'n Blik op die Middeleeue.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Pavlović, M.N. 1986. *Literature and law in the Middle Ages: A bibliography of scholarship.*(Boekresensie). *Modern Language Review*, 81(3):697–700.
- Rautenbach, C., J.C. Bekker en N.M.I. Goolam. 2010. *Inleiding tot regspluralisme.* Durban: LexisNexis.
- Shipley, J.T. 1946. *Encyclopedia of Literature.* New York: Philosophical Library.
- Slings, G.H. 1999. *Reinaert de vos.* Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Snyman, C.R. 2012. *Strafreg.* Durban: LexisNexis.
- Thomas, Ph.J., C.G. van der Merwe en B.C. Stoop. 2000. *Historiese grondslae van die Suid-Afrikaanse privaatrecht.* Durban: LexisNexis.
- Van Caenegem, R.C. 1954. *Geschiedenis van het strafrecht in Vlaanderen van de XIe tot de XIVE eeuw. Verhandelingen van de Koninklijke Vlaamse academie voor wetenschappen, letteren en schone kunsten van België. Klasse der Letteren, 19.*
- . 1956. *Geschiedenis van het strafprocesrecht in Vlaanderen van de XIe tot de XIVE eeuw. Verhandelingen van de Koninklijke Vlaamse academie voor wetenschappen, letteren en schone kunsten van België. Klasse der Letteren, 24.*
- . 1991. *Legal history: A European perspective.* Londen: Hambledon Press.



—. 2001. *European law in the past and the future: Unity and diversity over two millennia*. Cambridge: Cambridge University Press.

Van der Elst, J., C.H.F. Ohlhoff en H.J. Schutte. 1988. *Momente in die Nederlandse letterkunde*. Kaapstad: Academia.

Van Leeuwen, W.L.M.E. 1971. *Beknopt overzicht van de Nederlandse letterkunde*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Niekerk, G.J. 2010. Regspluralisme. In Rautenbach e.a. 2010.

Van Oostrom, F. 2006. *Stemmen op schrift. Nederlandse literatuur en cultuur in de Middeleeuwen*. Amsterdam: Bert Bakker.

Van Rensburg, F.I.J. 1983. *Van Vlaamse vos tot Afrikaanse jakkals*. Johannesburg: J.M. Missak Sentrum.

Van Zyl, D.H. 1983. *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse Reg*. Durban: Butterworth.

Ward, I. 1995. *Law and literature: possibilities and perspectives*. Cambridge: Cambridge University Press.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Ons volg die skryfwyse van die gerekende akademikus Frits van Oostrom, naamlik *Vanden vos Reynaerde*, wanneer ons self na die teks verwys. Die meer algemene skryfwyse is *Van den vos Reynaerde* en dit word so in die trefwoorde gelys. In aanhalings en bibliografiese inskrywings is telkens die skryfwyse behou wat die betrokke skrywers gebruik.

<sup>2</sup> Van Oostrom (2006:40) maak ook die volgende interessante opmerking rakende die Latyn waarin in die teks geskryf is: “Volgens kenners is haast in geen enkele andere tekst het middeleeuws Latijn zo zichtbaar een levende taal.”

<sup>3</sup> Dit is die weergawe wat Lulofs (1983:194) gebruik.

<sup>4</sup> Om die Middelnederlands toegankliker vir lesers te maak, word vertalings deur die artikelskrywers aangebied deur te steun op die teksaantekeninge en glosse van Burm en Van der Merwe (1973), Lulofs (1983), De Jong (1983) se vertaling, en Slings (1999) se moderne Nederlandse vertaling. Wanneer ’n vertaling aangehaal word, word dit so aangedui.

<sup>5</sup> Binne die moderne Suid-Afrikaanse konteks is meer toeligting nodig oor die gebruik van die woord *dagvaarder* hier. Dit gaan hier oor ’n daging om voor die hof te verskyn en Bruun, Tybeert en Grimbeert moet agtereenvolgens dié daging uitvoer. Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* Deel II omskryf die werkwoord *daag* as: “(*jur*). (Deur die gereg) laat aansê, oproep om op ’n bepaalde dag voor die hof te verskyn”. Dit is in dié betekenis dat die woord *dagvaarder* hier verstaan moet word, m.a.w. as ’n geregsbode wat iemand daag.

<sup>6</sup> Volgens Burm en Van der Merwe (1973:156): al die diere daar het bang geword.

<sup>7</sup> Die naam Syrapeel beteken volgens Burm en Van der Merwe (1973:157) “siervel” of “mooi vel”.

<sup>8</sup> Ofskoon daar ooreenkomste is tussen die inheemse gewoontereg van Suid-Afrika en dié van die Middeleeuse Vlaandere (hulle is byvoorbeeld albei inkwisoreries van aard), is hierdie kwessie nie in die artikel ondersoek nie. Daar is egter ruimte vir verdere navorsing hieroor.

<sup>9</sup> Ook Joubert (2014) en Dugard (1977) kan hier geraadpleeg word.

<sup>10</sup> Van Caenegem (1954:47) noem ook misdadige pogings, soos om iemand te laat verdrink deur hom in die water te gooi, of om iemand in ’n hinderlaag te lei, as *delicten sui generis*.

<sup>11</sup> Daar is wel iets soos *vonnis by verstek* wat in die siviele prosesreg van krag is. Vergelyk byvoorbeeld artikel 27A van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959.